



Drostyd is 'n Belewens

Ons staan vir:

Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots

25 Mei 2018

Geagte Ouers

1. Akademie

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat aan die einde van die eerste kwartaal onder die top vyf in hulle graadgroep geëindig het.

Graad 8

Linmarie le Roux (87,1%)
Salomé Rossouw (87,9%)
Emma Burger (88,7%)
Carla Mostert (89%)
Suné Meyer (89,6%)

Graad 9

René Viljoen (87,7%)
Ané Jacobs (88%)
Mia Victor (90%)
Bea Wolfaardt (92,2%)
Cameron Mostert (93,1%)

Graad 10

Simoné van Wyk (91,7%)
Stefmari Burden (92%)
Danique Jacobs (92%)
Mia Ramsauer (92,7%)
Shani Smith (93,1%)
Aliza Rossouw (93,7%)

Graad 11

Antoinette Steyn (87,9%)
Conrad Kloppers (88,1%)
Anje Ungerer (89%)
Talitha Pretorius (89,3%)
Suné Conradie (94,7%)

Graad 12

Marizaan Brink (88,4%)
Laura-Lynne Brandt (90,1%)
Ané Brink (90,4%)
Yvette van der Walt (90,4%)
Lisa van Deventer (91,7%)
Corli Ramsauer (94%)

2. Doktersafspraak

Die dokter kom elke Dinsdag om 08:00 skool toe om na die siek leerders om te sien. Leerders wat die dokter wil spreek, moet soggens tydens ontbyt by die personeellid aan diens siek rapporteer. Die personeellid stel die superintendent van die koshuis daarvan in kennis. Die superintendente gee dan die name van al die leerders wat die dokter wil spreek vir mev Lina Visser.

Indien die skool nie in besit is van 'n leerder se korrekte mediese inligting nie, sal die leerder voortaan NIE weer toegelaat word om die dokter te spreek NIE.

Ons versoek ook ouers om die doktersrekeninge, indien enige, stiptelik te betaal. Die dokters is nie bereid om leerders te spreek wat agterstallige rekeninge het nie.

3. Uitstaande Debiteure

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om asseblief hul finansiële verpligtinge teenoor die skool en koshuis na te kom en nie te wag totdat hulle rekeninge ontvang nie. Skoolgeld en koshuisgeld is streng vooruitbetaalbaar.

Indien skool- en koshuisgeld nie teen Donderdag 31 Mei 2018 op datum betaal is nie (uitgesluit ouers wat per debietorder betaal of wat reeds 'n skriftelike reëling met mev Annalize Thiert getref het), word u volle rekening (soos per 31 Desember 2018), sonder verdere kennisgewing, op Vrydag 22 Junie 2018 aan ons prokureur oorhandig vir invordering. Die koste verbonde aan die prokureur is vir u rekening. Ons maak staat op ouers se samewerking in hierdie verband.

Indien u aansoek om vrystelling van skoolgeld en/of koshuisgeld gedoen het en nog niks van die skool verneem het nie, kontak asseblief dringend vir mev Annalize Thiert by (023) 346 7904.

Ons wil opreg dankie sê aan ouers wat getrou hul finansiële verpligtinge teenoor die skool en koshuis nakom.

4. Reëling ten opsigte van Haarinspeksies (Seuns)

Gedurende die afgelope twee jaar as "haarinspekteur" is daar by meer as een geleentheid deur ouers laat blyk dat hulle ontevrede is oor ons bepalings ten opsigte van haarinspeksies by Drostyd.

Ek het dus die volgende voorstel om te maak:

Aangesien ons waardes - trots, respek en verantwoordelikheid - almal direk van toepassing op voorkoms is, is ons by magte om netheidsreëls in plek te stel. Dis egter nie altyd so maklik met veranderende style nie. Ons wil ook nie graag ons leerders se individualiteit onderdruk nie. U is dit dus eens dat daar vasgestelde, gedetailleerde haarreëls in plek moet wees en ons is afhanklik van u ondersteuning om ons skool se beeld te help bou.

Hare moet dus in die toekoms aan die volgende vereistes voldoen:

Die hare mag nie agter aan die kraag raak as die seun regop staan nie.

Geen "high-lights" of haarkleursel is toelaatbaar nie. Ouers wat hul seuns toelaat om aan die begin van die Desember vakansie hul hare te kleur, moet ook toesien dat hulle hare reg is met aanvang van die eerste kwartaal (opvolgende). Die verskoning dat dit eers moet uitgroei, sal dus nie gebruik kan word nie.

'n Nuwe tendens onder die seuns is om die hare baie kort onderom te sny en bo-op lank te los. Hierdie styl is heeltemal aanvaarbaar as dit binne perke gedoen word. Wat nou egter gebeur is dat die hare onderom met 'n nommer 1 of 2 kammetjie geskeer word en dan bo-op lank is. Die kontras is dan onaanvaarbaar. Bo-op mag die hare nie te lank wees nie. As die kuif reguit gemaak word, mag dit nie aan die wenkbroue raak nie. Leerders met krulhare se krul sal dus reguit gemaak word om die lengte te bepaal. Die hare bo-op sal na die kortkant afgekam word na die oor en hier moet die hare twee vingers bo die oor stop. Die hare bo-op mag dus nie meer as twee vingers lank wees nie.

Wangbaard moet in die middel van die oor geskeer word. Leerders wie se baard en snor te lank is, sal summier punte kry en gestuur word om te skeer.

Geen lyne of patrone is toelaatbaar nie!

Matrieks sal deur die jaar aan hierdie vereistes voldoen. Die groep sal op meriete aan die vooraand van die matriekafskeid grasie ontvang om te laat groei. GEEN matriekleerder of enige ander leerder sal in 'n eksamenlokaal toegelaat word indien sy hare, baard en kleredrag nie perfek is nie.

Baie ouers se verweer is dat hul kind se hare tog netjies lyk. Dit is wel so, maar na vyftien minute op die hokkieveld of rugbyveld lyk dit nie meer netjies nie - en dis hier waar ander ouers dan veronreg voel, veral as hulle seun die week tevore negatiewe punte vir netheid ontvang het.

Netheid is baie belangrik en elke ouer MOET ons hierin ondersteun al stem u nie daarmee saam nie. Sommige ouers laat hul seuns toe om tydens vakansies hul hare en baard te laat groei, nogtans kan ons nie by die skool so verdraagsaam wees nie. Die reëls vir hare word gereeld hersien om nuwe style te akkommodeer, maar iewers sal ons tog 'n standaard moet stel waaraan almal se hare gemeet kan word. Ons glo dat u verstaan dat die woord netjies net eenvoudig te vaag is en dat dit té subjektief is. Baie dankie solank dat ons op u samewerking in hierdie verband kan staatmaak.

Mnr HJ du Plessis

5. Afwesigheid van Skool

As ouer, is u die skool se vennoot in die opvoedingsproses van u kind. In die lig hiervan, wil ons u vriendelik dog dringend versoek om ons te ondersteun ten opsigte van u kind se teenwoordigheid by die skool.

As skool mag ons nie u kind "afgee" by die skool nie. Die Onderwysdepartement bepaal die skoolkalender en hulle verwag dat ons leerders tydens skooldae by die skool sal wees.

Daar is egter dae wat ons leerders as gevolg van amptelike sportverpligtinge, kultuuraktiwiteite of akademiese uitstappies nie by die skool kan wees nie of dan vroeër moet vertrek. As skool wil ons graag geen onderrigtyd laat verlore gaan nie. Ons doen dan ook ons beplanning so, maar as gevolg van die druk program en buite instansies se reëlins is dit nie altyd moontlik nie.

Daar is ook dae wat personeel afwesig is omrede hul siek is, eksamen skryf of by 'n opleidingsgeleentheid is. Die skool het egter 'n toesigrooster sodat u kind steeds in 'n onderwyser se klas is en die afwesige personeel dan werk laat vir die klas. Die idee van "*daar gaan niks aan by die skool nie*" is dus totaal verkeerd.

Ons versoek aan u in die lig van bogenoemde is:

- * Dat u sover moontlik sal sorg dat u kind(ers) elke dag skool bywoon.
- * Om afsprake gedurende skooltyd sover moontlik te vermy.
- * As u kind siek is, die skool asseblief in te lig en indien moontlik ook 'n mediese sertifikaat te voorsien.
- * Toetsdatums en eksamendatums is alles in u kind se skooldagboek aangeteken.
Toetse en eksamens kan nie op ander dae geskryf word nie.
Leerders wat siek is of gehospitaliseer is, sal 'n verwerkte punt ontvang met die ontvangs van 'n mediese sertifikaat.
- * Indien u besluit om u kind uit die skool te hou vir enige ander rede hetsy vakansie, lisensie-aansoeke, loopbaantoetse ensovoorts, doen u dit op u eie verantwoordelikheid.
- * Dit is u kind se verantwoordelikheid om self die werk in te haal wat gemis is, asook enige notas of werkkaarte wat uitgedeel is, te bekom.
- * Toetse wat op dié spesifieke dae geskryf is, se punte word verbeur.

Ons dank aan die ouers wat seker maak van hul kind(ers) se gereelde skoolbywoning. Ons is egter bekommerd oor baie leerders wat net maklik wegbly van die skool af of wat gedurende die dag die skool verlaat. Ons vra u om ons asseblief te ondersteun in dié verband.

6. Musiekprestasies

Daar is 22 stukke orkestrale perkussie gespeel tydens die Paarl Vallei Eisteddfod. Die leerders het mooi presteer en daar is 3 Cum Laudé (90%+), 16 Goud (80% - 89%), 3 Silwer (70% - 79%) en 1 Brons (65% - 69%) verwerf.

Die drie toppresteerders (Cum Laudé) is:

Susan Viljoen (Xilofoon)

Susan Viljoen (Timpani)

Anja Coetzee (Timpani)

7. HTS Drostdy vs Outeniqua - 'n Belewenis

Die afgelope naweek het een van die grootste skolesportdae in die Boland plaasgevind op ons tuisveld tussen Hoërskool Outeniqua en HTS Drostdy. Die twee skole meet jaarliks kragte en die entoesiasme waarmee dit aangepak word is 'n hoogtepunt op die sportspanne se kalenders.

Baie toeskouers woon die geleentheid by wat nou al 'n feestelike atmosfeer het met talle kosstalletjies, gesellige saamkuier tente en oudleerders wat kom ter ondersteuning. Hierdie jaar was weereens gekenmerk aan die goeie verhoudings tussen die onderskeie skole se personeel en leerders. Die wedstryde was van die hoogste gehalte en 'n plesier om te kyk.

Die uitslae was as volg (Drostdy se tellings is eerste):

Netbal

0/14 A: 25 - 10

0/14 B: 19 - 5

0/14 C: 19 - 15

0/15 A: 27 - 12

0/15 B: 24 - 10

0/15 C: 5 - 22

0/16 A: 15 - 17

0/16 B: 14 - 24

0/19 A: 14 - 21

0/19 B: 14 - 19

0/19 C: 7 - 31

Hokkie (Seuns)

0/14 A: 1 - 4

0/16 A vs O/16 B: 1 - 1

0/16 B vs O/16 C: 1 - 0

0/19 A: 0 - 3

0/19 B: 1 - 3

Hokkie (Dogters)

0/14 A: 0 - 4

0/16 A: 0 - 0

0/16 B: 1 - 1

0/19 A: 0 - 4

Rugby

0/14 A: 7 - 7

0/14 B: 32 - 13

0/14 C: 19 - 15

0/15 A: 12 - 12

0/15 B: 26 - 10

0/16 A: 25 - 34

0/16 B: 17 - 7

0/16 C: 17 - 29

0/19 A: 25 - 18

0/19 B: 34 - 21

0/19 C: 14 - 7

0/19 D: 43 - 0

HTS Drostdy sien uit na 'n jare-lange verbintenis op hierdie vriendskaplike wyse wat tot voordeel van sport en goeie verhoudings strek. Dit was vir ons 'n voorreg om die Kwaggas te ontvang en saam met hulle personeel en afrigters in te bou in jongmense se lewens wat goeie sportmanskap, wedersydse respek en gesonde mededinging betref.

Ons bedank alle ouers wat tydens dié dag gewerk en het en gehelp het met verkope - dit word opreg waardeer!

8. Graad 10-kamp

Dis weer tyd vir die Xpedisie Belewenskamp. Dit vind die jaar weer by die skool plaas.

Wanneer: Woensdag 20 Junie 2018 & Donderdag 21 Junie 2018

Tyd: 08:00 tot 17:15 (Daaglik)

Die dorpsleerders meld soggens by hul registerklasse aan, waar die koshuisleerders by hulle sal aansluit. Die leerders gaan verskeie aktiwiteite doen wat ondersteun word deur relevante sprekers. Ons waarde gedrewe kamp gaan ons leerders goed voorberei vir hulle laaste twee jaar in HTS Drostdy.

Die koste beloop R300-00 en is betaalbaar teen Maandag 11 Junie 2018.

Bankbesonderhede:

Bank: ABSA Bank, Worcester

Rekeningnaam: HTS Drostdy

Rekeningnommer: 440 390 145

Takkode: 503-107

Verwysing: Toelatingsnommer & Graad 10-kamp

Vir enige navrae, skakel gerus vir mnr Hansen Preuss.

Geniet die naweek met die kinders by die huis.

Vriendelike Drostdygroete

HOOF & PERSONEEL

GEDRAGSKODE VIR DIE OUERS VAN HTS DROSTDY TYDENS SPORTBYEENKOMSTE